Rapport




# In die taal van die lyf

2012-08-05 00:39

Riette Rust

*Bloots*, ’n versamelbundel van 54 stories, handel nie net oor seks, verhoudinge en die liefde nie.




Foto's · Lesersfoto’s · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

Dit strek oor erotiek in sy breër vorm, soos die verrukking van ’n paar stiletto’s, ’n beeldhouwerk, ’n skildery of ’n besondere ontwerpersuitrusting.

Warm sekstonele is daar natuurlik wel, maar Bloots is nie pornografie met die uitsluitlike doel om seksueel te prikkel nie.

Dis beslis ook geen Mills & Boon met oppervlakkige stories en gelukkige eindes nie.

Die karakters is regte mense met gevoelens en verantwoordelikhede. Daar is besliste storielyne, spanning, duidelike temas. Erotiek, nie pornografie nie.

Bekende voorgangers van erotiese skryfwerk in Afrikaans sluit in Marita van der Vyver, Antjie Krog, Rachelle Greeff, Riana Scheepers, Jeanne Goosen en Annelise.

Maar dis hoog tyd vir iets vars en omvattend soos *Bloots*.

Die samestellers, Karin Eloff en Peter van Noord, het bydraes ingesamel van gerekende skrywers soos Hennie Aucamp, S.P. Benjamin, Eben Venter, Karin Brynard, Marita van der Vyver, Kleinboer, Zirk van den Berg, Carina Diedericks-Hugo en Koos Kombuis.

’n Paar joernaliste, ’n sanger (Chris Chameleon), kunstenaars, televisieregisseurs en -aanbieders en ’n seksuoloog dra by.

Dié verskeidenheid bied beslis iets vir elke smaak.

Die verhale is oor die algemeen hoogs toeganklik, maar dít doen nie afbreuk aan die literêre waarde daarvan nie.

Erotiek of seks kom op onverwagte tye en plekke voor, soos tydens ’n ontploffing op die slagveld, in ’n plakkerskamp gedurende onlustye, bo-op ’n gebou in ’n storm en by ’n nagmaaldiens.

Nes met sy *Piekniek by Hangklip*, ’n speurderlose misdaadverhaal, skryf Kerneels Breytenbach

weer iets vars. Dié skrywer en oud-uitgewer se “Kroniek van ’n sprongjaar” bestaan uit ses dele wat chronologies op mekaar volg en afgewissel word met ander verhale om sodoende die nodige spanning te skep.

Van die karakters in die kroniek bespreek dan Breytenbach se “Die besoeker”, wat ook in *Bloots* opgeneem (en boonop uit ’n vroulike perspektief geskryf) is.

Die leser verwag nie sommer ’n erotiese verhaal van Maretha Maartens nie, daarom is “Radio-aktief” met sy baie lae so ’n welkome verrassing.

Die hoofkarakter, Alma, se man mishandel en bedrieg haar, al is hy die sielkundige wat ander waarsku teen die vernietigende elemente in ’n huwelik.

Rudolf se negatiewe energie “bestraal” sy vrou en soos met chemoterapie, sorg dit vir “mikroskopiese ontploffings” wat haar siek maak. ’n Waarderende dosent laat Alma via haar skilderye praat.

Nóg ’n skrywer wat die verhouding tussen getroudes – een is in ’n rolstoel – ondersoek, is Vincent Oliphant met “Lyflied”. Dié keer val die klem op trou-is-vir-ewig, al “runnik” die begeerte nog in die lyf.

Die hoofkarakter sê hy sal nie sy afgetakelde vrou verlaat nie, want uit haar oë staar nie net sý nie, “maar ook hulle kinders en hulle blye, hartseer, verslingerde geskiedenis”.

Die pyn van weduweeskap word eweneens roerend belig in Winnie Rust se “John” en Cecile Cilliers met “Brood”.

Die gay-verhale is van die sterkste in die bundel. Die regisseur Marthinus Basson se “Klik –” handel oor ’n fotograaf se “kyk- of steeldae” in Italië.

Die leser kyk saam met hom deur die lens, onder andere na die mans: “Daar ’n Donatello in ’n leerbaadjie, daar ’n Cellini met ’n sigaret tussen die lippe, daar ’n Botticelli in ’n T-hemp...”

Maar dis ’n jong korporaal wat die fotograaf betower. Wanneer hy dié onderwerp nie op flim kan verewig nie, is ’n onverwagse erotiese plaasvervanger byderhand. Knap gedaan!

“Trilling”, Peter van Noord se verhaal, laat eweneens die klem op erotiek tussen mans val. ’n Vuurwarm versoeking in die gim se stoombad bied uiteindelik insig in ware liefde.

Met “Woorde is useless” sê die skrywer Marlize Hobbs woorde beteken niks. Wat tel, is dit wat die lyf sê. En hoe verrassend en sterk beeld sy nie dié tema uit nie.

In Réney Warrington se “Populierwoud” word ’n getroude lesbiese paar by ’n misdaad betrek. Dis ’n storie met ’n knal van ’n slot.

Die televisieregisseur en skrywer Christo Gerlach verras met sy deernisvolle storie oor ’n heteroseksuele man en ’n masseuse.

Ook Martin, die hoofkarakter in Gerda Taljaard se “Haar stem”, word tot belangrike insigte gelei oor sy gevoelens vir sy gewese geliefde; deur niemand anders nie as die foonsnol Naughty Natalie.

“Taboe”, geskryf deur Odette Schoeman en Jacques Janse van Rensburg, laat ’n mens van voor af aan die ou politieke orde stik. ’n Polisieman probeer sy erotiese gevoelens vir ’n dansende swart vrou ontken. Met hartseer gevolge.

Van die verhale waarin grafiese seksbeskrywings voorkom, sluit in Karin Eloff se “Daknatmaak”. Dit kook van wellus, maar wees gewaarsku: Die taalgebruik kan sommige lesers skok.

Ook witwarm en grafies is die seksuoloog Elmari Mulder-Craig se “Die ritme van die gety”, terwyl die klem op sluimerende wellus val in Lien Botha se “Jy is my melancholie”.

Buite-egtelike verhoudings, fantasie, rollespel, kuberseks en voyeurisme is ander onderwerpe wat ondersoek word.

Die allerlieflikste Afrikaans kom voor in *Bloots*. In “Suikerbossie ’k wil jou lê” skryf S.P. Benjamin: “Die nag het nie sagte borste waarteen jy jou kop kan laat rus as die pad eindeloos lyk nie.”

En in “Nagtrein na De Aar” verwoord Herman Lategan die hoofkarakter se gevoelens só: “Beminde, jou mond smaak na malvalekkers, jou ore is vir my klein spelonke waarin ons intiem kan verkeer. My appelliefie druppeldou, jakkals trou met wolf se vrou.”

Daar is nie veel wat pla in Bloots nie. Soms word ’n woord verkeerd afgekap, word verby die einde van ’n storie geskryf, word meer vertel as gewys, of kondig veral nuweling-skrywers dramatiese gebeure met “skielik” aan. Soos: “Sy word skielik bewus...”, “Skielik, ’n verblindende pyn” of “Skielik hoor hulle ’n vlerkgeklap”.

Maar dis geringe kritiek.

*Bloots* is sonder twyfel ’n welkome toevoeging tot erotiek in die Afrikaanse letterkunde.

* Bestel die boek **hier**.

*Riette Rust is die skrywer van ’n Lyf onthou.*